Welcome to Pacofs
Performing Arts Centre of the Free State

P·A·C·O·F·S

UP COMING SHOWS

Die ATKV-tak Gemeenskapsteater, wat die vervaardiging van die uiters suksesvolle produksies, ***Pilatus – 'n kruis in die pad*** (2016) en ***Judas Iskariot – wat is die prys van bloedgeld?*** (2017) behartig het en ook tydens die 2017 Algemene Jaarvergadering van die ATKV die **WOW-projek** vir ***Pilatus*** ontvang het (dus die beste nasionale projek van 2016), kondig met trots hul volgende projek aan:

Jesus – Die Passiespel… Dit is gemeenskapsteater op sy heel beste en word in samewerking met PACOFS, ATKV, Free State Youth Orchestra (o.l.v. Alexander Fokkens), Volksblad & Bloemnuus, Radio Rosestad en Copy King gedoen.

Die teks is deur Gertjan Holtzhausen geskryf en Jacobus Silwer het splinternuwe musiek en lirieke vir hierdie volwaardige 'musical' gekomponeer. Die regie word deur Dr. Niel van Niekerk behartig, wyl Jaco Bezuidenhout die musiekregisseur is. Alexander Fokkens dirigeer die Vrystaatse Jeugorkes (wat uit 40 instrumente bestaan). Mario Lategan vertolk die rol van Petrus. Hattingh Davel is die koormeester en Elize Cogle behartig die choreografie. Michelle Hetzel is die produksiebestuurder.

Hierdie projek is heeltemal uniek! Dit is tans die grootste Afrikaanse gemeenskapsteater projek in Suid-Afrika met meer as 100 akteurs, sangers, dansers en ekstras op die verhoog. Die hoofrolle word deur professionele akteurs vertolk en die kleiner rolle word deur mense uit die gemeenskap gevul.

Dit is 23 Maart (om 19:30) en 24 Maart (om 10:30 en 19:30) in die Sand du Plessis Teater op die planke.

To book tickets Please contact the PACOFS booking office on 051 - 447 7772

For more information please like and follow the PACOFS facebook page.

Latest News

- **VACANCY FOR CEO POSITION**

  VACANCY Chief Executive Officer 3 Year Fixed-Term Contract (Package: Negotiable) Ref #: CE...**Read More**

- **UP COMING SHOWS**

  Die ATKV-tak Gemeenskapsteater, wat die vervaardiging van die uiters suksesvolle produksies, Pilatus...**Read More**